

Toetrede

Liturgie van die Lig

Paassondag, Hermanus

Dié oggend in die voorlig
het bamboeskoppe
blind gewieg, hul knikkend
aan die deining oorgegee
soos aan die dood;
`n wolk van meeu
het 'n rotsplaat wit gestip
soos 'n belofte.

Aan die hawe hoof was alles stil
toe iemand wat nette knoop,
versonke in gedagtes oor vis en brood,
van ver die eerste klokke hoor
en die opgestane Een onthou
wat tot aan die einde van die aarde
oor die waters loop.

Met sy hande in sy skoot
het 'n visser aan die kaai
ná jare weer gebid -
en toe hy opstaan, was dit lig.

Zandra Bezuidenhout

Woorddiens

Lesing 1: Markus 16:1-8 (1953)

¹ EN toe die sabbat verby was, het Maria Magdaléna en Maria, die moeder van Jakobus, en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf.

² En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop, kom hulle by die graf.

³ En hulle sê vir mekaar: Wie sal vir ons die steen voor die opening van die graf wegrol?

⁴ En toe hulle opkyk, sien hulle dat die steen weggerol was, want dit was baie groot.

⁵ En toe hulle in die graf ingegaan het, sien hulle 'n jongman, met 'n lang wit kleed om, aan die regterkant sit, en hulle het baie geskrik.

⁶ En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het.

⁷ Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.

⁸ Toe gaan hulle haastig uit en vlug van die graf af weg. En bewing en ontsetting het hulle aangegryp. En hulle het vir niemand iets gesê nie, want hulle het gevrees.

Broodjies vir die Pad

Mark 16:1-8 in its simplicity paints the picture of an empty tomb and an open future. In no way does its

starkness or lack of post-resurrection encounters weaken its witness to the amazing realities of Easter morning. The stone has been rolled away, the tomb is empty, and the future is full of promise. We don't need the exact details of resurrection to believe that Christ is alive, unbound and ever-present.

It is good that the first witnesses are women, whose testimony would not be considered reliable in first century courts of law. The resurrection cannot be reduced to mere fact anymore than the moment of conception or the wonder of life can be reduced to political wrangling. Resurrection is beyond rationality – though not irrational – and invites us to a deeper vision of ourselves and the world. Whether we see resurrection in terms of energetic quantum body, a spirit body, or a paranormal experience encompassing a whole community and continuing to this day, resurrection will always defy the reasoning of those who reduce everything to what can be experienced through the five senses or the bottom line. In fact, we are learning that the five senses are just the tip of the iceberg of experience and reality. As important as facts are to everyday life, they gain their significance by the unseen and unspeakable lying within and beyond them.

<http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary/yearb/2012-04-08/easter-sunday>

Brood vir die Pad

Sien Jesus waar Hy is

Neels Jackson

Vir Christene is Paasfees die hoogtepunt van die kerklike jaar. Neels Jackson vertel van die twee leë grafte en die Golgotas wat die Paasgebeure herdenk.

Vir 'n Christen wat Jerusalem besoek, kan dit verwarrend wees. Daar is twee "Golgotas" waar Jesus gekruisig kon wees en twee leë grafte wat sy opstanding gedenk.

Kyk 'n mens van die Olyfberg af uit, bo-oor die terrein waar die tempel vroeër gestaan het, maar waar die goue koepel nou pryk, sien 'n mens tussen die talle geboue daaragter twee grys koepeldakke uitsteek.

Dit is die Kerk van die Heilige Graf (Church of the Holy Sepulchre), wat die tradisionele baken is wat Golgota en die leë graf gedenk.

Dit is vandag 'n donker en deurmekaar gebou waar groepe pelgrims van oor die wêreld heen mekaar verdring.

'n Mens het 'n goeie verbeelding nodig om jou 'n oop plek buite die stad in te dink waar die kruisiging byna twee millennia gelede sou kon plaasvind.

Die kerkhistorikus Peter Walker skets in sy boek *In the Steps of Jesus* die geskiedenis van dié kerk.

In die tyd van Jesus se kruisiging was dié terrein inderdaad buite die mure van Jerusalem.

'n Dekade of wat later is die stadsgrense verskuif om Jerusalem groter te maak en daarna het dit binne die mure van die stad geval.

Die stad is in 70 n.C. deur die Romeine vernietig en later is 'n heidense tempel op die terrein opgerig.

Teen die tyd van keiser Konstantyn in die 4de eeu was die Christene in Jerusalem steeds seker dat dit die plek is waar die kruisiging en opstanding plaasgevind het.

Konstantyn het opdrag gegee dat dié terrein met mooi geboue versier word, op 'n wyse wat "die wêreld se mees wonderbaarlike plek" waardig is.

Sy bouers het in die jaar 326 tydens hul voorbereidingswerk afgekom op grafte waarvan een geïdentifiseer is as dié waaruit Jesus uit die dood opgestaan het.

Daar is die Kerk van die Heilige Graf toe gebou en in die proses is die meeste van die rots rondom die graf weggesny.

Die kerk is in 1009 grootliks verwoes deur Moslem-invallers, later weer herbou, in 1808 deels deur 'n brand in puin gelê en in 1927 deur 'n aardbewing geskud.

Vandag wek dit die indruk van 'n aanmekaar gelapte kompleks waarbinne die oorspronklike terrein glad nie herkenbaar is nie.

Vir Protestante met hul sobere tradisie is die baie versierings (soos goue kandelare op die altaar op Golgota) ook vreemd.

Dit maak die toewyding van Christene uit ander tradisies egter niks minder eg nie.

'n Mens stap met 'n stel trappies binne die kerk op om op dié Golgota te kom en moet dan tou staan om die geleentheid te kry om 'n paar oomblikke te kniel, terwyl net 'n klein stukkie van die oorspronklike rots van die koppie deur 'n glaspaneel sigbaar is.

Wat oor is van die oorspronklike rots waarin die graf uitgekerf is, is weggesteek onder 'n hoë geboude struktuur binne die kerk.

Ook daar moet 'n mens tou staan om 'n paar oomblikke daarbinne te bestee voordat die persoon wat die toegang reël jou aanjaag om klaar te kry en uit te kom.

Dit is na dié kerk toe wat die aangeduide Via Dolorosa – die weg van smarte wat Jesus met sy kruis gestap het – tussen talle winkeltjies deur lei.

Heeltemal anders is die atmosfeer by die tuingraf aan die noordekant van die ou stad.

Die opgetekende geskiedenis van dié terrein gaan nie naastenby so ver terug as dié van die Kerk van die Heilige Graf nie.

Dié graf is eers in 1867 ontdek.

Die vereniging wat die terrein bestuur, grond hul aanspraak dat dit Jesus se graf kon wees ook nie op 'n lang opgetekende geskiedenis nie.

Inderdaad maak hulle ook geen finale aanspraak dat dit Jesus se graf was nie. Hulle volstaan byvoorbeeld op hul webwerf www.gardentomb.org met uitsprake soos "baie mense glo" dat dit die plek is waar Jesus uit die dood uit opgestaan het.

Dit motiveer hulle deur die ooreenkomste tussen die terrein en besonderhede wat hulle in die Bybelverhale oor Jesus se graf en sy opstanding vind.

Dit is byvoorbeeld, soos Matt. 27:60 sê, uit soliede rots gekap en was nie 'n natuurlike grot nie.

Daarby is daar voor die graf 'n groot voor waarin daar 'n ronde klip tot voor die graf gerol kon word. Die ronde klip is egter nooit gevind nie.

Die graf het voorts 'n groot treurkamer sodat daar plek is vir verskeie mense om gelyk daar in te gaan, soos Lukas 24 vertel.

Van die ingang van die graf af is die plek waar die dooie neergelê sou word, na regs.

Dit klop met Markus 16 se weergawe van waar die "jong man met lang wit klere aan" gesit het toe Jesus se volgelinge na sy liggaam gaan soek het.

Boonop is die graf in 'n tuin geleë en die wynpars wat gevind is, dui daarop dat dit 'n ryk man se tuin moes wees.

Dit klop met die moontlikheid dat dit Josef van Arimatea se tuin kon wees. Hy was die gesiene man wat Jesus se liggaam kom vra het en dit in die graf weggelê het.

Die atmosfeer rondom die graf is rustig en daar is stil plekkies in die tuin waar groepe mense saam kan nagmaal gebruik.

Op die een punt van die terrein van die tuingraf kan 'n mens van 'n platform af uitkyk na 'n koppie aan die wand waarvan daar 'n paar duidelike gate is.

'n Mens hoef nie baie verbeelding te gebruik om ooreenkomste tussen dié wand van die koppie en 'n skedel raak te sien nie.

Die tuingrafvereniging meen dit kon dalk die oorspronklike "Plek van die hoofskedel" of Golgota gewees het.

Dit is buite die ou stadsmure, langs 'n besige roete en daar is glo 'n tradisie dat die Romeine mense daar gekruisig het.

Hoewel die twee Golgotas en die twee grafte baie verskil, dra hulle dieselfde boodskap oor: Jesus is gekruisig, het gesterwe en is begrawe, maar het weer uit die dood opgestaan. Die grafte is leeg.

(Verkorte aanhaling uit Beeld)

<http://www.beeld.com/In-Diepte/Nuus/Sien-Jesus-waar-Hy-is-20120405>

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877